

Junior Kategese
12 Mei 2019
Handelinge 9: 36-34

Agtergrond:

Ons kan met klein werkies groot dinge doen. Die teksgedeelte gee jou die geleentheid om oor diensbaarheid te gesels en hoe om dit te gebruik om die Here se krag en liefde vir die wêreld te wys.

Die verhaal beteken nie dat ons 'super-christene' moet wees wat wonderwerke doen nie - maar dat ons Jesus se liefde kan wys deur ons diensbaarheid.

Ysbreker (Hier en Nou)

Vertel van 'n keer toe iemand iets klein gedoen het, maar wat baie vir jou beteken het.

Soms wil ons graag net "groot dinge" vir die Here doen, en dan doen ons niks. Is dit waar?

Wat sal gebeur as ons net vir groot dinge wag voordat ons 'n verskil wil maak?

Moontlike AKTIWITEIT

Vou kruisies van die "lente" van palmtakke. Daar is heelwat Youtube video's beskikbaar wat wys hoe dit gedoen kan word. Die kinders kan die kruisie huis toe neem of vir iemand anders gaan gee. (Sien verlede week se riglyn.)

Word stil

Lees **Psalm 23** as 'n gebed.

Dink na oor wat die Psalm al in jou lewe beteken het?

Wat sê die Bybel? (Daar en Dan)

Lees **Handelinge 9: 36-43**. As daar tyd is, kan elkeen dit weer op hulle eie lees.

Die opwekking van Tabita

³⁶In Joppe was daar 'n gelowige vrou met die naam Tabita, in Grieks Dorkas. Sy was altyd besig om goed te doen en die armes te help. ³⁷Juis in die tyd toe Petrus in Lidda was, het sy siek geword en gesterwe. Hulle het haar gewas en in 'n bokamer neergelê. ³⁸Aangesien Lidda naby Joppe is en die gelowiges gehoor het dat Petrus daar is, het hulle twee mans na hom toe gestuur met die versoek: "Kom tog gou na ons toe oor."

³⁹Petrus het dadelik saam met hulle gegaan en toe hy daar kom, het hulle hom na die bokamer toe geneem. Al die weduwees het by hom kom staan en snikkend vir hom die klere gewys wat Dorkas gemaak het toe sy nog gelewe het. ⁴⁰Nadat Petrus almal uitgestuur het, het hy gekniel en gebid. Toe het hy na die liggaam gedraai en gesê: "Tabita, staan op!"

Sy het haar oë oopgemaak en toe sy vir Petrus sien, het sy regop gesit. ⁴¹Hy het haar met die hand help opstaan, die weduwees en die ander gelowiges geroep en haar lewend voor hulle gebring. ⁴²Die hele Joppe het hiervan gehoor, en baie mense het tot geloof in die Here gekom.

⁴³Petrus het geruime tyd daar in Joppe gebly by 'n sekere Simon, 'n leerlooier.

Inligting vir die begeleier:

Die boek Handelinge beskryf op indrukwekkende wyse die stelselmatige ontvouing van God se plan. God se plan het die verlossing van mense van regoor die bewoonde wêreld in die oog. Dit wil sê, vanaf Jerusalem tot in Rome en dien as die vervulling Christus se belofte in Handelinge 1: 8. In God se heilsplan speel die persoon en werk van die Here Jesus Christus 'n prominente rol as die Bewerker van die heil vir die mensdom en die Heilige Gees is die Waarmaker van die verlossing wat Christus bewerk het in hierdie verhaal. God bepaal die verloop van hierdie heilsplan in die geskiedenis. God het volgens Lukas lankal reeds by monde van die profete in die Ou Testament (3: 18) sy plan van verlossing van die wêreld bekend gemaak. In die toesprake van o.a. Petrus en Paulus word daar herhaaldelik daarna verwys. God het vooraf bepaal dat Jesus aan die Jode oorgelewer sou word, dat hulle Hom sou doodmaak en dat Hy Jesus uit die dood sou opwek.

Gesels dan hieroor:

✦ Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.

Hier (Emosiewiel):

✦ Wat weet ons alles van Tabita / Dorkas?

- ⌘ Hoekom was die mense so verslae oor Tabita se dood?
- ⌘ Watter verskil het Tabita alles met 'n naald en gare gemaak?

Deel vir elke kind sy/haar handpennetjie uit. Vra vir die kinders hoe die teks hulle laat voel het. Gee vir die kinders kans om hulle handpennetjie op die emosie te plaas wat hulle gevoel het. Wanneer almal klaar is kan elke kind verduidelik hoekom hy/sy die spesifieke emosie gekies het.

Nou:

- ⌘ As Tabita vandag een ding vir julle groep sou sê, want dink julle sou dit wees?
- ⌘ Tabita word uit die dood opgewek. En die storie klink baie soos Jairus se dogtertjie wat deur Jesus opgewek is. (Lukas 8:49-56) Hoekom is dit belangrik?

Nadat elkeen sy handpennetjie vasgesteek het by verhouding, vra waarom hulle die spesifieke verhouding gekies het.

Voor:

- ⌘ Hoe help Tabita ons om te dink oor "maak 'n verskil"?
- ⌘ Wat sal gebeur as alle gelowiges 'n verskil maak met wat ons in ons hand het?
- ⌘ Wat kan jy nou gaan doen? Of wat het by jou verander met vandag se Bybelstorie?

Vra vir die kinders (onthou elkeen moet antwoord) wat was die beste en slegste ding wat met hulle gebeur het die week wat verby is.

Verder en Gebed:

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid? Dit sal goed wees as julle gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Vra God om jou te help met dit wat jy in jou hande het om 'n verskil te maak.

Bid steeds vir mekaar vir VISIE: om te kan sien wat God besig is om in jou lewe te doen.